

## Maandelikse gemeentebrief Maart 2019

### Wil jy die goeie nuus of die slegte nuus hê?

Hoeveel keer is jy al gekonfronteer met hierdie vraag: “Wil jy die goeie of die slegte nuus hê?” En dan antwoord jy sonder om te dink: “Nee jong, gee maar eers die slegte nuus.”

Ons word gekondisioneer om 'n dik vel te ontwikkel sodat ons die sleg en swaar van die lewe kan trotseer. Ons moet “tough” wees om te oorleef in die stad. So leer die wêreld ons. Maar sê ons nie altyd die kerk is “counter-culture” nie? Dit is hoe geleerdes verduidelik dat jy teen die stroom inloop van wat die gemeenskap verwag jy gaan doen. 'n Voorbeeld is waar die wêreld ons leer van “'n oog vir 'n oog”, maar die kerk leer ons “draai die ander wang”. 'n Teenkultuur in kerktaal wys hoe ons norme en waardes substansieel anders is as die samelewing s'n. Ons aspirasies en karakter lyk anders as dié van die wêreld. Die kerk bring hoop in 'n wêreld waar wanhoop seëvier.

Maar hoe kry 'n mens dit reg? Die kerk se mense is mos maar net gewone mense soos ek en jy, mense uit die wêreld. Hoe kry 'n kerk dan 'n ander karakter waar ons die ander wang draai, waar ons hoop en lewe bring en waar ons op 'n vreemde manier (anders as wat die wêreld van ons verwag) gasvry is teenoor 'n vreemdeling? Ons verstaan tog baie goed dat ons nie heilig is net omdat ons aan 'n kerk behoort nie. Ons kry nie hierdie dinge sommer ewe skielik net reg nie. Ons bevind ons maklik in die verkeer, in die kantoor, of langs die sportveld met gedagtes wat nie hoort by 'n kerkmens nie. Ekonomiese en politieke nuus bring telkens die slegte in ons na vore en onderdruk ons wil om hoop te bring.

Wel, hier is die goeie nuus: Die kerk is nie 'n plek vir heiliges nie! Die kerk is 'n plek vir sondaars en vir gebroke mense soos ek en jy. Elkeen wat kerk toe kom het 'n storie van 'n daaglikse stryd met die wêreld. Dis gewone mense wat dag-tot-dag probeer oorleef deur die ander wang te draai, maar dit ook, nes ek en jy, nie elke dag regkry nie. En juis hier lê die mooi storie van die kerk. Hier kan jy oefen. Want ons bemoedig mekaar en tel mekaar op, sonder om mekaar te oordeel as ons foute maak en val. Ons kyk na mekaar deur die lens van die teenkultuur waar ons waardes van “vreemde gasvryheid”, “elke generasie”, “deernis aan weerloses” en “diep vriende” gestalte vind in ons lewens en harte.

By so 'n kerk voel ek welkom en leer ek om te lewe in en vir die stad. Ek hoop dat wanneer jy weer gevra word of jy eers die goeie of die slegte nuus wil hoor, jy dadelik sal antwoord: “Die goeie nuus”, want dis nié wat mense van jou verwag nie. En om dan deur die lens van die teenkultuur te kyk en nie “tough” te wees nie, maar sag te wees vir die seer van die wêreld.

Markus 2:17 sê Jesus het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars. Mag jy in jou deeltjie van die stad 'n lig wees waarin vreemdes veilig voel om foute te maak sonder oordeel, waar elkeen deernis by jou ontvang sonder om dit te verdien, waar jy met mense diep kontak maak, 'n vriend is en vriende vind sonder grense.

Groete

**Saret Britz, Gemeentebestuurder**